Intervet Nuusbrief

intervet
NAVORSING • PRESTASIE • INTEGRITEIT

Vertraag bosluisweerstandigheid teen dippe

Geagte Johann Breytenbach,

Die impak wat bosluise op veekuddes kan hê, het geen bekendstelling nodig nie. Die heel belangrikste rol wat bosluise in Suid-Afrika speel, is waarskynlik die oordraging van bosluisgedraagde siektes soos rooiwater (Babesiose), galsiekte (Anaplasmose) en hartwater (Cowdriase). Ons stuur aan u as Intervetkliënt hierdie nuusbrief sodat u bosluise kan beheer sonder om onnodige weerstandigheid in u bosluispopulasie te veroorsaak.

English Newsletter

If you would prefer to read this newsletter in English, click here.

Die regte dip vir u plaas

'n Akkurate toets kan bepaal watter groep dippe die beste is vir u plaas. Intervet doen hierdie toetse gratis vir kliënte. 100 volgesuigde vroulike bosluise word blootgestel aan die verskillende chemiese groepe. Effektiwiteit van elke groep en moontlike weerstand word dan opgeskryf.

Kontak Intervet vir meer inligting.

Nuusbrief

Stuur een kopie na jou vriend of kollega

Stuur die nuusbrief asseblief

Chemiese groepe vir die beheer van uitwendige parasiete

Daar is hoofsaaklik 5 chemiese groepe vir die beheer van uitwendige parasiete in die R S A geregistreer:

1. Amidiene (bv. amitras)
2. Piretroïede (bv. deltametrien)
3. Organofosfate (bv. chloorfenvinfos)
4. Insek Groei Reguleerders - IGR's
5. Makrosikliese laktone (bv. abamektien and ivermektien)

Vertraag die ontwikkeling van weerstandigheid

Wanneer u bepaal het watter groep die doeltreffendste is (meer inligting in regterkantste kolom), moet 'n paar basiese beginsels gevolg word om bosluise op u plaas doeltreffend te beheer en die ontwikkeling van weerstandigheid te vertraag.

Moenie onnodig van chemiese groepe verwissel nie- hou aan om dieselfde groep te gebruik, of dit nou vir 60 dae of 60 jaar is - *verander slegs wanneer weerstandigheid bevestig is!*

Gebruik altyd die parasietmiddel volgens die vervaardiger se

weer! Voeg asseblief newsletters@lists.intervet.co.za by u e-pos program en adreslys vir die ontvangs van die veilige nuusbriewe.

U is ingeteken as Johann Breytenbach (m.breytenbach@iburst.co.za).

Om u persoonlike nuusbrief voorkeure te verander of om die ontvangs te beindig, druk asb hier.

volgens die vervaardiger se aanwysings. Deur die dip te verdun of minder as die voorgeskrewe dosis toe te dien, is dit moontlik dat u weerstandigheid teen daardie groep verhaas en daardeur die leeftyd van die effektiwiteit van daardie groep middels op u plaas aansienlik verkort.

Maak seker dat die konsentrasies van spuitdip (of dompeldip) op optimale vlakke is. Hierdie ontleding kan ook gratis deur Intervet gedoen word. Skakel Intervet.

Moenie oordip nie. Poog om die tydsduur tussen behandelings so lank moontlik te maak. Dit sal ook die leeftyd van die groep aktiewes op u plaas verleng. Hoe minder blootstelling bosluise kry aan chemiese middels, hoe minder is die kans dat weerstandigheid kan ontwikkel.

Selekteer diere met baie hoë bosluisladings wanneer vergelyk word met ander diere in dieselfde groep - vatbaarheid vir bosluise kan oorerflik wees. Indien alle pogings misluk, kan 'n aktief waarteen baie min of geen weerstandigheid in bosluise (veral bloubosluise) bestaan nie, soos ABAMEKTIEN, gebruik word. Abamektien is 'n unieke molekule wat bosluise nog nie herken nie en daarom is daar baie min gevalle waar bosluisweerstandigheid teen Abamektien bewys is. Voorbeelde van produkte wat Abamektien bevat en geskik is vir bosluisbeheer, is Avotan Pour-On(Reg.No.G3745 Wet 36/1947) en Solution 3.5% Injectable(Reg.No.G3689

Act 36/1947). Klik op die vertoonde produktname om meer van die produk se kenmerke te ontdek.

Vriendelike groete,

Intervet Verkoops -en Bemarkingsdepartemente

Besoek www.intervet.co.za om meer informasie oor Intervet, ons produkte en dienste en ander interessante inligting te bekom. Intervet S.A. (Edms) Bpk is 'n geregistreerde maatskappy (Reg. No. 1991/006580/07).

Intervet S.A. (Edms) Bpk, Spartan weg 20, Spartan uitbreiding 20, Kempton Park, 1619, Suid Afrika.

Kontak Termes en Voorwaardes